JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

NUUSBRIEF: 18 3 – 10 Junie 2022

LANDLOOP
Baie sterkte aan die atlete wat Vrydag aan die landloop liga in Bloemfontein gaan deelneem.

RUGBY en NETBAL
Ons gaan volgende kwartaal voort met netbal -en rugbyvaardighede. Die tye en dae sal op die nuwe buitemuurse rooster van die derde kwartaal aangedui word. Ons vra asseblief dat ouers sal toesien dat die leerders dit bywoon. Dit is reeds ter voorbereiding vir die 2023 seisoen.
Baie dankie aan al ons rugby en netbal afrigters vir groot opoffering die afgelope seisoen. Elkeen se insette en omgee vir ons kinders word opreg waardeer. Dankie ook aan ons ouers wat beide persone en ons spanne die seisoen ondersteun het.

AFRIGTERS
Ons benodig nog ‘n O/11 krieketafrigter vir die krieket seisoen indien iemand ons sal kan kom help asseblief. Julle kan vir Liané kontak: 082 979 5700.

KOEKIEVERKOPING
Die Graad 4 klas se koekieverkoping het geskuif na Maandag, 6 Junie. Leerders moet asseblief ‘n geldjie bring om hulle te ondersteun.

EKSAMEN
Die eksamen begin op Donderdag, 9 Junie 2022.
Die skool sal op Woensdag, 8 Junie, om 08h00 begin en 12h00 verdaag vir alle leerders. Die skool sal vanaf Donderdag, 9 Junie en vir die res van die eksamen, om 08h00 begin vir alle leerders en as volg verdaag:
- Graad 1-3 om 12h00
- Graad 4-7 om 13h00

Baie sterkte met u kind se voorbereiding vir die eksamen.

JAKKIES GOT TALENT
Jakkies Got Talent wat op 9 Junie sou plaasvind, is afgestel, as gevolg van die eksamen wat daardie dag begin.

GRAAD 7 SOPPROJEK
Die Gr.7 leerders wil graag iets spesiaal doen vir Jeugdag, daarom gaan hulle op Woensdag, 15 Junie, sop en ‘n broodjie aan die res van die leerders gee. As u voel om iets by te dra, soos sopvleis, soppoeier, aartappels, wortels, uie, ens, kan u dit na Juffrou Delene - of Vanita stuur. Byvoorbaat dankie.

DISCONTO BOEKUITSTALLING
Ouers, leerders en belangstellendes is welkom om die Disconto boekuitstalling **op Donderdag, 9 en Vrydag, 10 Junie** in die **Annex 3** te besoek. Boekepryse is besonders billik en ‘n groot verskeidenheid is beskikbaar. Kom ondersteun hulle gerus. Ons skool kry ‘n sekere persentasie van alle verkope.

PLANETARIUM
Ouers en leerders het nog kans tot Maandag, 6 Junie om 08h00. Kostes is R50 per leerder. Dit is julle laaste kans.

KUNSTEFEES
Noord-Kaap Kunstefees inskrywings sluit ook Maandag, 6 Junie om 14h00. Kostes is R30 per leerder.

VERGADERINGS
Hiermee geskied kennis van die volgende vergaderings op Maandag, 6 Junie 2022:
- Koshuiskomitee @ 08h00
- Finansiële komitee @ 12h00
- Beheerliggaam @ 14h05



.....
P.W. TAIT
SKOOLHOOF

GEBEDSLYSIE:

Van Niekerk familie (Afsterwe van Ann)
Al die siek leerlinge
Die veilige bewaring van ons personeel, kinders en ouers
Ons leerders se voorbereiding vir die eksamen

DISKONTO BOEKE/BOOKS

BIED 'n BOEKE-UITSTALLING AAN:
PRESENTS A GIANT BOOK DISPLAY:

WANNEER/WHEN?

09 - 10 Junie 2022

TYE/TIMES?

09/06: 10H00 - 15H00

10/06: 07H30 - 14H30

DIS 'n BOEKWURM SE DROOM!



IT'S A BOOKWORM'S DREAM!

WAAR/WHERE?

Laerskool Jacobsdal

"ELKE KIND VERDIEN 'n GOEIE BOEK."

Ons bied 'n groot veskeidenheid boeke aan, van naaldwerk-, kook- en Geestelikeboeke sowel as kinder fiksie en nie-fiksie boeke. 'n Wye verskeidenheid Engelse boeke ook beskikbaar.

"EVERY CHILD DESERVES A GOOD BOOK"

We offer a large variety fiction & Non-fiction books direct to the public at affordable prices.

Ons aanvaar debiet-/ kredietkaarte
Debit/Credit Cards accepted

Vir meer inligting kontak: For more info please contract:

JOHAN PETTIT C: 082-574-3926